

HENNIE AUCAMP KATALOGUS-BEKENDSTELLING

Goeienaand dames en here

Afrikaans se eintlike borge is die mense wat in hart en niere omgee vir die taal: vir sy klanke, sy idioom en dít wat blywende waarde het in sy letterkunde.

Jy hoef nie ’n fluit te speel om kinders uit ’n stad weg te lei nie. ’n Goeie storie is verleiding genoeg.

’n Mens is geneig om die nederigheid van die vlieg en die brommer mis te kyk. Wie sal soveel van ’n ander opvreet as dié twee?

Hierdie is maar net drie aforismes van ’n man wie se eerste kindergediggies reeds op ouderdom 12 in *Die Jongspan* verskyn het, terwyl sy eerste kortverhale kort daarna gereeld in *Naweek*, *Die Huisgenoot* en *Die Huisvrou*, verskyn.

Afgesien daarvan dat Hennie deur die jare baie suksesvol in omtrent alle genres publiseer en talle male met verskillende pryse vereer word, begin hy as 15jarige seun op die plaas Rustmijn-ziel in die Jamestown-omgewing dagboekskryf. Hyself sê dagboekhou is in sy geval ’n positiewe verslawing “aan die wondere, die mistiek, die kwellings en die banaliteite van die ding wat ons lewe noem”. Van hierdie ego-dokumente is ook gepubliseer, die eerste een met die titel *Gekaapte tyd*.

Hennie Aucamp word tereg beskou as die vader van Afrikaanse of Suid-Afrikaanse kabaret en afgesien van al die ander wonderlike navorsingsmateriaal in die Aucamp-versameling is die groot kabaret-afdeling enige student se droom.

As gevolg van ons werk in die DS as sorteerders, beskrywers en katalogiseerders van alle dokumente en manuskripte van skrywers soos HA leer ons die persoon en sy werk uit die aard goed ken. Om met die oorspronklike dokumente van iemand soos Hennie Aucamp doenig te wees is uiters bevredigend en leersaam. Sommige van sy toesprake of praatjies en briewe het ek sommer vir die lekker daarvan herlees, die meeste daarvan nog in sy mooi handskrif geskryf ook. Ek dink Hennie is een van die min mense wat nog alles sorgvuldig met die hand skryf voor dit na die tikster gaan. Elkeen van sy briewe getuig van die respek wat hy vir die ontvanger daarvan het of soos nog ’n aforisme lui: ’n Briefskrywer is die eerste ontvanger van sy brief. Uit sy brief kan hy – en latere lesers daarvan – aflei hoeveel respek hy vir sy medium en sy medemens het.

Ek het Hennie leer ken as kampvegter nie net vir Afrikaans nie, maar ook teen die sosiale en maatskaplike verval van ons land en veral Kaapstad. Soos hyself by geleentheid gesê het, het hy as student kennis gemaak met ’n reël van Olive Schreiner “It never pays the man who speaks the truth, but it pays humanity that it should be spoken” wat deel van sy lewensfilosofie geword het. As hy dus, in sy woorde, iets sien wat skeef is in die geesteslewe van ’n groep en ’n land kry hy geen rus vir sy siel totdat hy ’n brief of artikel daarvoor aan die pers geskryf het nie. Dat Hennie ’n groot en gul gewer is blyk ook baie duidelik uit sy briewe. Hy het talle jong en ander skrywers deur die jare gehelp met kosbare inligting.

Dankie Hennie, vir jou integriteit en bowenal vir dit wat jy aan die Afrikaanse letterkunde gegee het en nie die minste nie dat jy jou dokumente aan die US se Dokumentesentrum toevertrou het en ek dus die voorreg kon hê om dit ten volle vir navorsing toeganklik te maak.

Ek wil ook my kollegas bedank. Lynne Fourie en Anneke Schaafsma vir sorgvuldige proeflees en Melani Ismail vir die maak van die uitnodigingskaartjies en baie hulp met rekenaarprobleme en vir hulle almal vir ondersteuning deur die jare. En ek kan nie nalaat om vir Hanna Botha vir die pragtige blomme te bedank nie.

Marina Brink